BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE EXTRAORDINARY OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c | Vrydag 5 Julie 1974 | WINDHOEK | Friday 5 July 1974 | No. 3407


INHOUD — CONTENTS


Bladsy/Page

GOEWERMENTSKENNISGEWING: — GOVERNMENT NOTICE:

No. 129 Ordonnansie, 1974: Uitvaardiging van . — Ordinance, 1974: Promulgation of . 851


## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,

*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 129] [5 Julie 1974

ORDONNANSIE 1974: UITVAARDIGING VAN

Dit behaag die Waarnemende Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet:-

| *No.* | *Titel* | *Bladsy* |
|---|---|---|
| 7 | Ordonnansie op Pensioene aan Lede van die Wetgewende Vergadering en die Uitvoerende Komitee, 1974 ..................... | 852 |

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,

*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 129] [5 July 1974

ORDINANCE, 1974: PROMULGATION OF

The Deputy Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:-

| *No.* | *Title* | *Page* |
|---|---|---|
| 7 | Legislative Assembly and Executive Committee Members' Pensions Ordinance, 1974 | 853 |

No. 7 van 1974.]

ORDONNANSIE OP PENSIOENE AAN LEDE VAN DIE WETGEWENDE VERGADERING EN DIE UITVOERENDE KOMITEE, 1974.

*(Goedgekeur 3 Julie 1974.)*
*(Afrikaanse teks deur die Waarnemende Administrateur geteken.)*
*(Datum van inwerkingtreding 1 April 1973.)*

# ORDONNANSIE

Tot samevatting en wysiging van die wetsbepalings betreffende die betaling van pensioene aan lede van die Wetgewende Vergadering, die Uitvoerende Komitee en die Adviserende Raad en aan die weduwees van sodanige lede; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Staatspresident, dermate sodanige toestemming nodig is, vooraf verkry en by boodskap van die Administrateur aan die Vergadering meegedeel, VERORDEN SOOS VOLG:-

Woordbepaling. 1. In hierdie Ordonnansie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

(i) "Adviserende Raad" die raad wat ingestel was kragtens artikel 7 van die Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet, 1925 (Wet 42 van 1925); (i)

(ii) "agterstallige bydraes" 'n bedrag -

(a) wat deur 'n lid verskuldig is ingevolge artikel 3(3) of (4); of

(b) wat voor die vasgestelde datum deur 'n lid verskuldig geword het ingevolge artikel 3(3) of 9 van die herroepe Ordonnansie; (iii)

(iii) "bydraes" bydraes wat ingevolge artikel 2 afgetrek is maar nie ook agterstallige bydraes nie; (iv)

(iv) "die herroepe Ordonnansie" die Ordonnansie op Pensioene aan Lede van die Wetgewende Vergadering en die Uitvoerende Komitee, 1961 (Ordonnansie 29 van 1961); (xiii)

(v) "diens" met betrekking tot 'n lid, diens soos deur die Klerk van die Wetgewende

No. 7 of 1974.]

LEGISLATIVE ASSEMBLY AND EXECUTIVE COMMITTEE MEMBERS' PENSIONS ORDINANCE, 1974.

*(Assented to 5 July 1974.)*
*(Afrikaans text signed by the Deputy Administrator.)*
*(Date of commencement 1 April 1973.)*

# ORDINANCE

**To consolidate and amend the laws relating to the payment of pensions to members of the Legislative Assembly, the Executive Committee and the Advisory Council and to the widows of such members; and to provide for incidental matters.**

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Assembly by message from the Administrator, as follows:-

1. In this Ordinance, unless the context otherwise indicates - Definitions

(i) "Advisory Council" means the council which had been established under section 7 of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act 42 of 1925); (i)

(ii) "allowance" in relation to a member, means the allowance or remuneration which, in terms of section 8 or 19 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), is payable to a member; (xi)

(iii) "arrear contributions" means any amount -

(a) which is due by a member in terms of section 3(3) or (4); or

(b) which prior to the fixed date became due by a member in terms of section 3(3) or 9 of the repealed Ordinance; (ii)

(iv) "contributions" means contributions which have been deducted in terms of section 2 but does not include arrear contributions; (iii)

(v) "Executive Committee" means the Executive Committee referred to in section 4 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), or an executive com-

No. 7 van 1974. ORDONNANSIE OP PENSIOENE AAN LEDE VAN DIE WETGEWENDE VERGADERING EN UITVOERENDE KOMITEE, 1974

Vergadering gesertifiseer, behoudens artikel 7(2); (xii)

(vi) "Inkomstefonds" -

(a) met betrekking tot 'n bedrag wat aan die Inkomstefonds betaal moet word, die Inkomstefonds van die Gebied Suidwes-Afrika ingestel ingevolge artikel 31 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968);

(b) met betrekking tot 'n bedrag wat uit die Inkomstefonds betaal moet word, gelde wat vir die doeleindes van sodanige betaling deur die Wetgewende Vergadering bewillig word; (xi)

(vii) "lid" 'n lid van die Wetgewende Vergadering en omvat 'n lid van die Uitvoerende Komitee wat ingevolge artikel 4 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968) verkies is, ongeag of hy ook 'n lid van die Wetgewende Vergadering is al dan nie; (vii)

(viii) "pensioengewende diens" diens ten opsigte waarvan 'n lid ingevolge enige pensioenordonnansie verplig is of was of gekies het om by te dra, en ook diens ten opsigte waarvan 'n pensioen ingevolge die herroepe Ordonnansie aan 'n oudlid soos in daardie Ordonnansie omskryf, op die dag onmiddellik voor die vasgestelde datum betaalbaar was of op of na die vasgestelde datum betaalbaar sou word; (ix)

(ix) "pensioengewende toelae" -

(a) met betrekking tot 'n lid op wie artikel 19 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), van toepassing is, uitgesonderd 'n lid wat 'n amp genoem in artikel 7(1)(b), (c), (d), (e) of (f) beklee, die toelae wat ingevolge 'n vasstelling wat kragtens genoemde artikel 19 gedoen is aan hom betaalbaar is maar uitgesonderd enige gedeelte van sodanige toelae wat belastingvry is; en

(b) met betrekking tot 'n lid wat 'n amp genoem in artikel 7(1) beklee, die toelae, uitgesonderd enige gedeelte van sodanige toelae wat belastingvry is, wat ingevolge artikel 19 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968) aan hom betaalbaar sou gewees

LEGISLATIVE ASSEMBLY AND EXECUTIVE COMMITTEE MEMBERS' PENSIONS ORDINANCE, 1974 No. 7 of 1974.

mittee referred to in section 76 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), or in any other law repealed by any of the said Acts; (xii)

(vi) "fixed date" means the date of commencement of this Ordinance; (xiii)

(vii) "member" means a member of the Legislative Assembly and includes a member of the Executive Committee elected in terms of section 4 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), whether or not he is also a member of the Legislative Assembly; (vii)

(viii) "pensionable allowance" -

(a) in relation to a member to whom section 19 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), applies, other than a member who occupies an office referred to in section 7(1)(b), (c), (d), (e) or (f), means the allowance which, in terms of a determination made under the said section 19, is payable to him, but excluding any portion of such allowance which is tax-free; and

(b) in relation to a member who occupies an office referred to in section 7(1), means the allowance, excluding any portion of such allowance which is tax-free, which would have been payable to him in terms of section 19 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), if he had been a person to whom paragraph (a) applies; (ix)

(ix) "pensionable service" means service in respect of which a member is or was compelled or elected to contribute in terms of any pensions ordinance, and includes service in respect of which, in terms of the repealed Ordinance, a pension was payable to an ex-member as defined in that Ordinance on the day immediately preceding the fixed date or would become payable to such member on or after the fixed date; (viii)

(x) "pensions ordinance" means this Ordinance, the repealed Ordinance and any Ordinance enacted under the powers conferred on a provincial council by the Provincial Powers Extension Act, 1960 (Act 42 of 1960); (x)

(xi) "Revenue Fund" -

(a) in relation to any amount to be paid into the Revenue Fund, means the Territory

No. 7 van 1974. ORDONNANSIE OP PENSIOENE AAN LEDE VAN DIE WETGEWENDE VERGADERING EN UITVOERENDE KOMITEE, 1974

het indien hy iemand was op wie paragraaf (a) van toepassing is; (viii)

(x) "pensioenordonnansie" hierdie Ordonnansie, die herroepe Ordonnansie en 'n ordonnansie verorden ingevolge die bevoegdhede aan 'n provinsiale raad verleen by die Wet tot Uitbreiding van Provinsiale Bevoegdhede, 1960 (Wet 42 van 1960); (x)

(xi) "toelae" met betrekking tot 'n lid, die toelae of besoldiging wat aan 'n lid ingevolge artikel 8 of 19 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968) betaalbaar is; (ii)

(xii) "Uitvoerende Komitee" die Uitvoerende Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968) of 'n uitvoerende komitee bedoel in artikel 76 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961), of in 'n ander wet wat deur enige van die genoemde wette herroep is; (v)

(xiii) "vasgestelde datum" die datum van inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie; (vi)

(xiv) "weduwee" nie ook 'n weduwee nie van 'n persoon met wie sy getroud is nadat hy opgehou het om 'n lid te wees nie. (xiv)

Bydraes deur lid.

2. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Ordonnansie, moet 'n lid vanaf die vasgestelde datum of, indien hy daarna 'n lid word, vanaf die datum waarop hy aldus 'n lid word, en vir solank hy 'n lid bly, tot die Inkomstefonds bydra teen 'n skaal van vyf persent van sy pensioengewende toelae.

(2) Geen bydraes is ingevolge subartikel (1) betaalbaar nie -

(a) deur 'n lid wat voor of na of sowel voor as na die vasgestelde datum pensioengewende diens gehad het wat in die geheel minstens twintig jaar beloop en wat ten opsigte van 'n tydperk van minstens twintig jaar ingevolge 'n pensioenordonnansie bygedra het;

(b) deur 'n lid wat 'n amp in artikel 7(1) genoem, beklee of beklee het, na die datum waarop hy, indien hy dan opgehou het om 'n lid te wees, geregtig sou wees op die totaal van die jaarlikse pensioene waarvoor ingevolge artikel 7(3) voorsiening gemaak word; of

(c) deur 'n lid op wie artikel 3(2) betrekking het en wat nie ingevolge daardie artikel gekies het om die vorige diens in gemelde artikel genoem, as pensioengewende diens te tel nie en wat op die datum waarop hy 'n

LEGISLATIVE ASSEBLY AND EXECUTIVE COMMITTEE MEMBERS' PENSIONS ORDINANCE, 1974

No. 7 of 1974.

of South West Africa Revenue Fund established in terms of section 31 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968);

(b) in relation to any amount to be paid from the Revenue Fund, means moneys appropriated by the Legislative Assembly for the purposes of such payment; (vi)

(xii) "service" in relation to a member means service as certified by the Clerk of the Legislative Assembly subject to section 7(2); (v)

(xiii) "the repealed Ordinance" means the Legislative Assembly and Executive Committee Member's Pensions Ordinance, 1961 (Ordinance 29 of 1961); (iv)

(xiv) "widow" does not include the widow of a person whom she married after he ceased to be a member. (xiv)

Contributions by member.

2. (1) Subject to the provisions of this Ordinance, a member shall from the fixed date, or, if he thereafter becomes a member, from the date on which he so becomes a member, and for so long as he remains a member, contribute to the Revenue Fund at the rate of five per cent of his pensionable allowance.

(2) No contributions shall be payable in terms of subsection (1) -

(a) by a member who has, before or after or before as well as after the fixed date, had pensionable service which in the aggregate amounts to not less than twenty years and who has contributed for a period of not less than twenty years in terms of a pensions ordinance;

(b) by a member who occupies or has occupied an office referred to in section 7(1) after the date on which he would, if he then ceased to be a member, be entitled to the aggregate of the yearly pensions provided for in terms of section 7(3); or

(c) by a member to whom section 3(2) refers and who has not in terms of that section elected to count the previous service referred to in the said section as pensionable service and who, on the date on which he became a member, was entitled to a maximum pension in terms of a pensions ordinance.

No. 7 van 1974. ORDONNANSIE OP PENSIOENE AAN LEDE VAN DIE WETGEWENDE VERGADERING EN UITVOERENDE KOMITEE, 1974

lid geword het, geregtig was op 'n maksimum pensioen ingevolge 'n pensioenordonnansie.

(3) Indien die totaal van die bydraes en agterstallige bydraes (as daar is) van 'n lid te eniger tyd die minimum bedrag oorskry -

(a) wat hy ingevolge 'n pensioenordonnansie ten opsigte van 'n tydperk van twintig jaar moet bydra; of

(b) wat, in die geval van 'n lid in subartikel (2)(b) genoem, hy ingevolge 'n pensioenordonnansie moet bydra ten einde op die totaal van die jaarlikse pensioene waarvoor in artikel 7(3) voorsiening gemaak word, geregtig te wees, indien hy op die datum in bedoelde subartikel (2)(b) genoem, sou ophou om 'n lid te wees,

word sodanige oorskryding vir sover dit die totaal van die bydraes en agterstallige bydraes (as daar is) wat hy verplig is om ten opsigte van bedoelde tydperk van twintig jaar of, in die geval van 'n lid in subartikel (2)(b) genoem, ten opsigte van die eerste agt jaar van sy pensioengewende diens by te dra, oorskry, uit die Inkomstefonds op die datum waarop sy diens ten einde loop aan hom terugbetaal.

(4) Bydraes wat ingevolge hierdie artikel deur 'n lid verskuldig is, word deur die Sekretaris van Suidwes-Afrika in maandelikse paaiemente van die lid se toelae afgetrek en aan die Inkomstefonds betaal.

Keuse om sekere diens as pensioengewende diens te tel.

3. (1) Iemand -

(a) wat diens gehad het as 'n lid van die Wetgewende Vergadering voor die sewentiende dag van Maart 1961; en

(b) wat nie te eniger tyd na sodanige datum maar voor die vasgestelde datum so 'n lid was nie; en

(c) wat op of na die vasgestelde datum weer so 'n lid geword het of word,

kan, binne negentig dae na die datum waarop hy weer so 'n lid geword het of word, deur middel van skriftelike kennisgewing aan die Klerk van die Wetgewende Vergadering kies om enige tydperk van sodanige diens of gedeelte daarvan wat nie pensioengewende diens is nie, as pensioengewende diens te tel.

(2) 'n Lid wat voor die vasgestelde datum diens gehad het as 'n lid van die provinsiale raad van 'n

LEGISLATIVE ASSEMBLY AND EXECUTIVE COMMITTEE MEMBERS' PENSIONS ORDINANCE, 1974

No. 7 of 1974.

(3) If the sum of a member's contributions and arrear contributions (if any) at any time exceeds the minimum amount -

(a) which he is in terms of a pensions ordinance required to contribute in respect of a period of twenty years; or

(b) which, in the case of a member referred to in subsection (2)(b), he is required to contribute in terms of a pensions ordinance in order to be entitled to the aggregate of the yearly pensions provided for in section 7(3) if he ceased to be a member on the date referred to in the said subsection (2)(b),

such excess shall, in so far as it exceeds the sum of the contributions and arrear contributions (if any) which he is required to contribute in respect of such period of twenty years or, in the case of a member referred to in subsection (2)(b), in respect of the first eight years of his pensionable service, be refunded to him from the Revenue Fund on the date on which his service terminates.

(4) Contributions due by a member in terms of this section shall be deducted by the Secretary for South West Africa from the member's allowance in monthly instalments and shall be paid into the Revenue Fund.

Option to count certain service as pensionable service.

3. (1) Any person -

(a) who has had service as a member of the Legislative Assembly before the seventeenth day of March, 1961; and

(b) who was not such a member at any time after such date but before the fixed date; and

(c) who again became or becomes such a member on or after the fixed date,

may, within ninety days after the date on which he again became or becomes such a member, by means of a written notice to the Clerk of the Legislative Assembly elect to count any period of such service, or portion thereof, which is not pensionable service as pensionable service.

(2) A member who before the fixed date has had service as a member of the provincial council of a province of the Republic of South Africa, may, within ninety days after the date on which he becomes or became a member by means of a written notice to the

No. 7 van 1974. ORDONNANSIE OP PENSIOENE AAN LEDE VAN DIE WETGEWENDE VERGADERING EN UITVOERENDE KOMITEE, 1974

provinsie van die Republiek van Suid-Afrika, kan, binne negentig dae vanaf die datum waarop hy 'n lid word of geword het, deur middel van skriftelike kennisgewing aan die Klerk van die Wetgewende Vergadering kies om enige tydperk van sodanige diens ten opsigte waarvan hy nie ingevolge enige pensioenordonnansie 'n pensioen ontvang nie, as pensioengewende diens te tel.

(3) 'n Lid wat ingevolge subartikel (1) of (2) 'n keuse doen, dra 'n bedrag tot die Inkomstefonds by bereken teen die skaal van R6 vir elke maand of deel daarvan van die tydperk ten opsigte waarvan hy aldus gekies het.

Bydraes ten opsigte van vorige diens.

(4) Iemand aan wie by beëindiging van 'n tydperk van pensioengewende diens 'n bedrag kragtens artikel 8 van die herroepe Ordonnansie of artikel 6 van hierdie Ordonnansie betaal is en wat weer 'n lid word, kan, binne negentig dae vanaf die datum waarop hy weer 'n lid word of geword het, deur middel van skriftelike kennisgewing aan die Klerk van die Wetgewende Vergadering kies om die bedrag wat aldus aan hom betaal is, aan die Inkomstefonds terug te betaal, en om bedrae of agterstallige bydraes waarvoor hy ingevolge artikel 8(2) van die herroepe Ordonnansie of artikel 6(2) van hierdie Ordonnansie opgehou het om aanspreeklik te wees, aan die Inkomstefonds te betaal en, indien hy aldus kies, word die tydperk of tydperke van sy diens wat voorheen pensioengewende diens was, weer pensioengewende diens.

4. (1) Enige bedrag of agterstallige bydraes wat ingevolge artikel 3(3) of (4) deur 'n lid verskuldig word, kan, indien hy dit verlang, deur die Sekretaris van Suidwes-Afrika in maandelikse paaiemente van sy toelae afgetrek word teen die skaal van minstens twee persent van sodanige toelae en word aan die Inkomstefonds betaal.

(2) 'n Lid bly aanspreeklik vir agterstallige bydraes wat onmiddellik voor die vasgestelde datum deur hom ingevolge die herroepe Ordonnansie verskuldig was, en die bepalings van subartikel (1) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van sodanige bydraes.

(3) Wanneer 'n lid ingevolge artikel 5 op 'n pensioen geregtig word voordat hy die volle bedrag betaal het wat ooreenkomstig subartikel (1) of (2) deur hom verskuldig is, word die bedrag wat nog onbetaald is teen die pensioen wat aan hom betaalbaar is, verreken.

Pensioen betaalbaar aan 'n lid.

5. (1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel, word daar, by die beëindiging van sy diens, aan 'n lid wie se diens op of na die vasgestelde datum ten einde geloop het of loop en wat minstens agt jaar pensioengewende diens gehad het, 'n pensioen betaalbaar bereken teen die skaal van vyf persent van sy pensioengewende toelae betaalbaar aan hom ten tye van die

LEGISLATIVE ASSEMBLY AND EXECUTIVE COMMITTEE MEMBERS' PENSIONS ORDINANCE, 1974

No. 7 of 1974.

Clerk of the Legislative Assembly, elect to count any period of such service in respect of which he does not receive a pension in terms of any pensions ordinance, as pensionable service.

(3) A member who makes an election in terms of subsection (1) or (2) shall contribute to the Revenue Fund an amount calculated at the rate of R6 for every month or part thereof of the period in respect of which he has so elected.

(4) Any person to whom an amount has been paid under section 8 of the repealed Ordinance or section 6 of this Ordinance upon the termination of any period of pensionable service and who again becomes a member, may, within ninety days after the date on which he again becomes or became a member, by means of a written notice to the Clerk of the Legislative Assembly, elect to repay to the Revenue Fund the amount so paid to him and to pay to the Revenue Fund any amounts or arrear contributions for which he ceased to be liable in terms of section 8(2) of the repealed Ordinance or section 6(2) of this Ordinance and, if he makes such an election, the period or periods of his service which previously was or were pensionable service shall again become pensionable service.

Contributions in respect of previous service.

4. (1) Any amount or arrear contributions which may become due by a member in terms of section 3(3) or (4), may, if he so desires, be deducted by the Secretary for South West Africa from his allowance in monthly instalments at the rate of not less than two per cent of such allowance and shall be paid into the Revenue Fund.

(2) A member shall remain liable for arrear contributions due by him immediately before the fixed date in terms of the repealed Ordinance and the provisions of subsection (1) shall apply *mutatis mutandis* in respect of such contributions.

(3) Whenever a member becomes entitled to a pension in terms of section 5 before he has paid the full amount which is due by him in terms of subsection (1) or (2), the amount which is still unpaid shall be set off against the pension which is payable to him.

Pension payable to a member.

5. (1) Subject to the provisions of this section, there shall, on the termination of his service, be payable to a member whose service terminated or terminates on or after the fixed date, and who has had not less than eight years of pensionable service, a pension calculated at the rate of five per cent of his pensionable allowance payable to him at the time of the termination of his service in respect of each year of his pensionable service: Provided that the pension so payable shall not exceed such pensionable allowance.

No. 7 van 1974. ORDONNANSIE OP PENSIOENE AAN LEDE VAN DIE WETGEWENDE VERGADERING EN UITVOERENDE KOMITEE, 1974

beëindiging van sy diens ten opsigte van elke jaar van sy pensioengewende diens: Met dien verstande dat die pensioen aldus betaalbaar nie bedoelde pensioengewende toelae oorskry nie.

(2) By die toepassing van hierdie artikel, word 'n lid wat meer as sewe jaar en ses maande maar minder as agt jaar pensioengewende diens gehad het op die datum waarop enige tydperk van sy diens ten einde loop, geag op sodanige datum agt jaar pensioengewende diens te voltooi het.

(3) 'n Lid wat ingevolge subartikel (2) geag word agt jaar pensioengewende diens te voltooi het, dra ingevolge artikel 2(1) by ten opsigte van sodanige tydperk wat, tesame met enige tydperk ten opsigte waarvan hy reeds bygedra het of verplig is om by te dra, gelyk is aan 'n tydperk van agt jaar.

(4) By die toepassing van subartikel (1) word die tydperk van pensioengewende diens by die jaar en die maand bereken en word breukdele van 'n maand buite rekening gelaat.

Terugbetaling van bydraes.

6. (1) 'n Lid, behalwe 'n lid op wie artikel 5(2) van toepassing is, wie se diens voor die voltooiing van agt jaar pensioengewende diens eindig, is geregtig op 'n bedrag gelyk aan die totaal van sy bydraes en agterstallige bydraes (as daar is) wat ingevolge hierdie Ordonnansie of die herroepe Ordonnansie deur hom betaal of van sy toelae afgetrek is, tesame met vyf persent van daardie bedrag.

(2) 'n Lid wat ingevolge subartikel (1) op 'n bedrag geregtig word, hou op om aanspreeklik te wees vir agterstallige bydraes wat nog deur hom verskuldig is maar wat op die datum van die beëindiging van sy diens nie betaal is nie.

Spesiale pensioene aan lede wat sekere ampte beklee.

7. (1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel, is 'n lid wat 'n amp in paragraaf (a), (b), (c), (d), (e) of (f) genoem, beklee het, en wie se diens as 'n lid op of na die vasgestelde datum ten einde geloop het of loop, en aan wie 'n pensioen ingevolge artikel 5 betaalbaar is, benewens enige sodanige pensioen of enige ander pensioen of bedrag wat ingevolge hierdie Ordonnansie aan hom betaalbaar is, geregtig op 'n spesiale pensioen wat in die geval van 'n lid wat -

(a) die amp van lid van die Uitvoerende Komitee beklee het, bereken word teen die skaal van R375 per jaar;

(b) die amp van Voorsitter van die Wetgewende Vergadering beklee het, bereken word teen die skaal van R75 per jaar;

LEGISLATIVE ASSEBLY AND EXECUTIVE COMMITTEE MEMBERS' PENSIONS ORDINANCE, 1974

No. 7 of 1974.

(2) For the purposes of this section, a member who, at the date of termination of any period of his service, has had more than seven years and six months but less than eight years of pensionable service, shall be deemed to have completed eight years of pensionable service on such date.

(3) A member who is in terms of subsection (2) deemed to have completed eight years of pensionable service, shall contribute in terms of section 2 in respect of such period as, together with any period in respect of which he has already contributed or is required to contribute, is equal to a period of eight years.

(4) For the purposes of subsection (1), the period of pensionable service shall be calculated by the year and the month and fractions of a month shall be disregarded.

Refund of contributions.

6. (1) A member, other than a member to whom section 5(2) applies, whose service terminates before the completion of eight years of pensionable service, shall be entitled to an amount equal to the aggregate of his contributions and any arrear contributions (if any) which have been paid by him or deducted from his allowance in terms of this Ordinance or the repealed Ordinance, together with five per cent of that amount.

(2) A member who becomes entitled to an amount in terms of subsection (1) shall cease to be liable for any arrear contributions which may still be due by him but which are unpaid at the date of the termination of his service.

Special pensions to members who occupy certain offices.

7. (1) Subject to the provisions of this section, a member who has occupied an office referred to in paragraph (a), (b), (c), (d), (e) or (f) and whose service as a member terminated or terminates on or after the fixed date, and to whom any pension is payable in terms of section 5, shall, in addition to any such pension or any other pension or amount payable to him in terms of this Ordinance, be entitled to a special pension which, in the case of a member who -

(a) has occupied the office of member of the Executive Committee, shall be calculated at the rate of R375 per annum;

(b) has occupied the office of Chairman of the Legislative Assembly, shall be calculated at the rate of R75 per annum;

No. 7 van 1974. ORDONNANSIE OP PENSIOENE AAN LEDE VAN DIE WETGEWENDE VERGADERING EN UITVOERENDE KOMITEE, 1974

(c) die amp van Leier van die Opposisie in die Wetgewende Vergadering beklee het, bereken word teen die skaal van R65 per jaar;

(d) die amp van Adjunk-Voorsitter en Voorsitter van Komitees van die Wetgewende Vergadering beklee het of die amp van lid van die Adviserende Raad beklee het terwyl hy nie 'n lid van die Uitvoerende Komitee was nie, bereken word teen die skaal van R40 per jaar;

(e) die amp van Hoofsweep in die Wetgewende Vergadering beklee het, bereken word teen die skaal van R15 per jaar; of

(f) die amp van Assistent-sweep in die Wetgewende Vergadering beklee het, bereken word teen die skaal van R5 per jaar,

ten opsigte van elke jaar van diens in die betrokke amp.

(2) By die toepassing van subartikel (1) word -

(a) met betrekking tot 'n lid wat 'n amp genoem in paragraaf (c), (e) of (f) beklee het, slegs diens in die betrokke amp ten opsigte waarvan sodanige lid ingevolge 'n vasstelling wat kragtens artikel 19 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), gedoen is, vir 'n bykomende toelae op grond van sy bekleding van sodanige amp gekwalifiseer het, in aanmerking geneem; en

(b) met betrekking tot 'n lid wat ten tyde van die ontbinding van die Wetgewende Vergadering 'n amp genoem in paragraaf (b), (c), (d), (e) of (f) beklee het en wat daarna weer dieselfde amp beklee, enige onderbreking in sy diens in die betrokke amp wat saamval met die tydsverloop tussen die algemene verkiesing wat volg op bedoelde ontbinding en die eerste byeenkoms van die Wetgewende Vergadering daarna, geag nie 'n onderbreking in sy diens in die betrokke amp, te wees nie.

(3) Die totaal van die jaarlikse pensioene betaalbaar ingevolge hierdie Ordonnansie aan 'n lid -

(a) in subartikel (1)(a) genoem, oorskry nie 'n bedrag van R10 000 per jaar nie;

LEGISLATIVE ASSEMBLY AND EXECUTIVE COMMITTEE MEMBERS' PENSIONS ORDINANCE, 1974 No. 7 of 1974

(c) has occupied the office of Leader of the Opposition in the Legislative Assembly, shall be calculated at the rate of R65 per annum;

(d) has occupied the office of Deputy Chairman and Chairman of Committees of the Legislative Assembly, or has occupied the office of member of the Advisory Council without being a member of the Executive Committee, shall be calculated at the rate of R40 per annum;

(e) has occupied the office of Chief Whip in the Legislative Assembly, shall be calculated at the rate of R15 per annum; or

(f) has occupied the office of Assistent Whip in the Legislative Assembly, shall be calculated at the rate of R5 per annum,

